HANDDRUK

Maandblad NG Kerk Witfield Maart 2025

DIE LYDING VAN CHRISTUS

Ons staan op die drumpel van Lydenstyd wat op 2 Maart 2025 begin. Dit is volgens die kerklike kalender die sewe weke wat Goeie Vrydag en Paasfees voorafgaan. Gedurende Lydenstyd word gefokus op die lyding van Christus wat 'n kernsaak van die Christelike geloof is. Die bekende teoloog, G. C. Berkouwer beklemtoon dat Christus se lyding nie maar net oor sy fisiese pyn tydens die kruisgebeure gehandel het nie, maar dat Christus se lyding ook 'n geestelike en morele dimensie het. Die lyding wat Christus moes verduur, was dat Hy die sonde van die mensheid op Hom geneem het. Daarom is Christus se lyding nie 'n terloopse gebeurtenis nie - dit vervul 'n doel in die plan van God. Christus se lyding het die nodige gronde geskep vir die mensdom se versoening met God. In Romeine 3:23vv word dit beskryf: “Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus. Hom het God gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir dié wat glo.” Christus het soos 'n offerdier met Sy bloed vergifnis en versoening bewerk. As waaragtige mens het die Seun van God self die vloek vir ons sondes gedra. Daarom het Christus ook die volle verworpenheid van die mens voor 'n regverdige en heilige God beleef toe Hy aan die kruis, in ons plek, die geestelike pyn van Godsverlatenheid verwoord het: “My God, my God, waarom het U my verlaat?”. Deur die lyding van Christus ontvang ons die geskenk van redding. Christus se lyding vir ons is dus ook 'n aktiewe daad van liefde. Daarom is Christus se lyding nie net 'n historiese gebeurtenis nie, maar bly dit 'n bepalende element van die Christelike geloof aangesien dit die basis vorm vir elke gelowige se verhouding met God. Vir Berkouwer is die lyding van Christus dus nie net 'n tragiese gebeurtenis nie, maar die hoogtepunt van God se reddende werk in die wêreld, wat die pad vir die heil van die mensdom oopmaak. Mag u in die komende sewe weke van

Lydenstyd diep onder die indruk kom van die inhoud en betekenis van Jesus Christus se lyding wat ook die basis vorm vir u verhouding met God.

Dr Pieter Kruger

GEBEDSKALENDER

Week 1

- Met die begin van die Lydensweke bid ons gedurende week 1: “Ons dank U, Here Jesus dat U na die wêreld gekom het en vir ons gesterf het.”
- Ons bid dat, met die bediening van die doopsakrament, ons as gemeente die betekenis daarvan opnuut ter harte sal neem en dat ons wat deur die doop met Christus verenig is, sal leef soos mense wat aan Christus behoort (Galasiërs 3:27).
- Ons dank die Here vir die reën wat ons ontvang het. Ons bid egter vir die droogte-geteisterde dele van ons land. Ons bid ook vir die landboubedryf en boere wat talle uitdagings daagliks moet trotseer.
- Ons bid vir die Nuwe Intrekkersfunksie Vrydagaand, dat die funksie tot opbou van elkeen sal wees en sodoende tot eer van God sal wees.

Week 2

- Met Lydensweek 2 bid ons: “Dankie Here Jesus dat U nie soos ons is nie - U was bereid om Uself te gee tot in die dood, ter wille van ons.”
- Ons bid teen die die gees van korrupsie en onwettige bedrywighede in ons land waaronder gemeenskappe en ons samelewing gebuk gaan. Ons bid vir die handhawing van reg en geregtigheid.
- Bewus van internasionale geo-politieke onsekerhede bid ons vir die regering van die dag, soos die Bybel ons oproep. Ons bid vir inkeer en die nakoming van verantwoordelikhede.

Week 3

- Met Lydensweek 3 bid ons: “O Seun van God wat gekom het om U lewe af te lê, maak ons deur U Gees U getroue volgelinge.”

- Ons bid vir leerders en studente wat besig is met eksamens. Ons bid dat hulle die Bybelse beginsels van getrouheid, selfdissipline en volharding sal nastreef en die Here se krag in gebed sal soek.

Week 4

- Met Lydensweek 4 bid ons: “O Vader, U wat die wêreld so lief gehad het dat U u enigste Seun gestuur, gee ons volharding in geloof en liefde vir U koninkryk”
- Ons bid vir die verspreiding van die Woord na dele van die wêreld waar die Woord nog nie verkondig is nie. Ons bid vir sendelinge wêreldwyd, vir hulle veilige bewaring en vir hulle werksaamhede in die lande waar hulle betrokke is.

Week 5

- Met Lydensweek 5 bid ons: “O Vader, vergewe ons ons sondes soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree.”
- terwyl ons die Here dank vir ons vriende en familie, bid ons vir die eensames en almal wat moeilike omstandighede in hulle lewe ondervind. Ons bid dat God hulle hand sal vat en hulle sal toerus met die nodige krag.
- Ons dank vir ons geestelike familie, die gemeente waaraan ons kan behoort en vir die kerkraad en gemeentelede wat hulle gemeentewerk met ywer doen.

GEMEENTENUUS

Nuwe Lidmate

Baie geluk aan die volgende lidmate wat op 9 Februarie in die openbaar voor die gemeente belydenis van hulle geloof afgelê het:

- Zelné Botha
- Zander Grésse
- Martin Heunes
- Morné Heunes
- Anika Faurie
- Leanelle van Staden

Nuwe Intrekkers
Ons verwelkom graag vir **Anton en Magda Naudé.** Ons vertrou dat hulle ’n baie geseënde en meelewende tyd by ons gaan spandeer.

Doop
Veels geluk aan **HW en Eurika du Toit** wie vir Mynhardt laat doop het.

Meegevoel
Ons as gemeente betuig ons innige meegevoel teenoor die familie van **Eileen Bestbier** en **Amanda Nelson** met hulle afsterwe. Ons bid dat die Here die familie sal vertroos en sal versterk.

EREDIENSOPNAMES

Die onderstaande lys van opnames kan bestel word deur middel van die bestelvorms wat in die kerk en kerkkantoor beskikbaar is, of by Johan Venter (083 284 8093). Opnames in .mp3 formaat is ook via die webblad beskikbaar.

2 Februarie - Ken jou maniere.
9 Februarie - Wat beteken hierdie klippe?
16 Februarie - Verlossing vir ewig! (Nagmaal).
23 Februarie - Van Jerusalem tot Illirikum.

DIE NOODSAAKLIKHEID VAN STILTE… VERAL VIR CHRISTENE!

In ons moderne wêreld met al die eise wat daagliks aan ons gestel word, is dit byna onmoontlik om net stil te raak en jouself te isoleer van die “wrede werklikheid” wat jou daagliks rondskud en sommer net verrinneweer! ‘n Bydraende frustrasie is die moderne tegnologie, (veral ’n selfoon) wat vir baie ’n noodsaaklike euwel geword het en gevolglik 24 uur ’n dag “toegang” tot jou menswees het! Selfs ontspanning is eintlik net ’n mite en word ook naderhand werk! Die waarheid vir baie mense is dat hulle in hierdie daaglikse doolhof van ’n ‘spartel-en-snak-na-asem’-realiteit, sukkel om die

mas op te kom en gevolglik hulself verloor in ’n ongenaakbare lewenswedloop! Hoe moet ons dan nou hierdie druk hanteer? Die antwoord lê veral in stilte!

Die Bybel het enkele riglyne in hierdie verband gegee en ons behoort almal - oud en jonk - hieraan aandag te gee:

- Matteus 6:6: “Maar jy, wanneer jy bid, gaan na jou binneste kamer, maak jou deur toe en bid tot jou Vader.” Ja, dis belangrik om saam met jou familie en ander te bid, maar dis noodsaaklik om ook alleen, daar waar dit stil en privaat is, tot jou God te bid! Meer nog: dis ’n opdrag! Dis wanneer jy en God aan mekaar tyd afstaan! Doen u dit nog? En indien nie, watter rede het u om dit nie te doen nie?
- Matteus 26:63: “Maar Jesus het stilgebly.” Ons moet almal leer om party keer niks te sê nie. Dit beteken nie dat ons nou ingegee het en nou ‘verloor’ het nie. Allermins; dit kan ook beteken dat die waarheid nou besig is om te seëvier en indien ons dan reageer, verrig ons meer skade! Daarom: wanneer dit nodig is, bly stil! (hierdie opdrag is ’n moeilike een, maar byt maar op u tande en waardeer die meestal positiewe uitkomste daarna!).
- Jesaja 30:15: “In bekering en rustigheid lê julle redding, in kalmte en vertroue lê julle krag.” Ek verstom my baie keer oor die vermoë van party mense om stil te bly onder moeilike omstandighede net om daarna met respek hanteer te word. Baie keer betrap ek myself om emosioneel te reageer oor ’n saak wat my na aan die hart lê, net om daarna te voel dat ek eerder maar moes stilgebly het. Ek dink ons het al almal in daardie strik getrap.
- Habbakuk 2:20: “Maar die Here is in sy heilige tempel – wees stil voor Hom, o ganse aarde!” Wanneer ons die teenwoordigheid van God opsoek in gebed, tydens ’n erediens, of in ons daaglikse Bybelstudie, moet ons dit met innerlike stilte doen. ’n Ontmoeting met Jesus is altyd ’n heilige oomblik wat met eerbied en respek hanteer moet word!
- Psalm 46:11: “Bedaar en erken dat ek God is.” Daar is geen misverstand oor hierdie boodskap nie: God is in beheer en ons stilte is baie keer ’n erkenning aan die wêreld - en ook aan onsself - dat God in beheer is! God spoor almal aan om Hom

te dien en om te erken dat Hy as alleenheerser oor die ganse aarde regeer. Sy krag en gesag is ’n feit waarteen niemand kan stry nie. (Openbaring 4:11)

- 1 Konings 19:12: “Maar in die vuur was die Here nie. En ná die vuur was daar ’n fluistering in die windstilte. En toe hoor hy ’n stem … “Die Here praat baie keer met ons wanneer dit stil is. Sefanja 1:7 is ook hieroor baie duidelik: “Wees stil voor my Heer, die Here is naby.” Wanneer u die Here intens wil ervaar, gebeur dit ook baie keer wanneer die natuur met ’n mens praat … in stilte!
- Openbaring 8:1: “En toe die Lam die sewende seël oopbreek, het daar vir ongeveer ’n halfuur lank stilte in die hemel neergedaal.” Hierdie stilte was ’n heilige afwagting. Die sewende seël was verteenwoordigend van die einde. Alle hemelse wesens was bewus dat die einde sou kom, maar niemand kon raai hoe en wanneer dit sou wees nie. Dus, wanneer ek en u besig is met die woord van die Here, moet dit altyd gepaard gaan met ’n heilige eerbied en afwagting … in stilte!

Eeue gelede het die vierde-eeuse Christen-askeet Ammonas stilte só verwoord:
“Julle sal die krag van stilte leer ken; hoe deeglik dit genees en hoe dit God behaag. Dit is in die stilte dat die krag van God en die misterie van God aan ons bekend word.”

Ander waarhede oor die betekenis van stilte in ons lewens:

- Wysheid begin by stilte.
- God se stilte is ’n soet lafenis in ’n holdersebolder dag vol woorde.
- Ons moet stilte doelbewus skep.
- Stilte voed ’n mens se siel.
- Die waarde van stilte vir die moderne mens mag nooit onderskat word nie.
- Stilte bring ons nader aan onsself - na ons innerlike kern. Dit gee perspektief. Dit help ons om eerliker en meer deursigtig te word.
- Dit is ook die oomblikke wanneer die beoefening van stilte aan God die beste kans gee om ons met goddelike liefde te bedien.

- As jy lief is vir die waarheid, dan word jy ook ’n liefhebber van stilte.
- Stilte kan vrugte oplewer wat die tong nie kan beskryf nie.
- Die beoefening van stilte lei tot introspeksie, oordenking en selfondersoek – uiteindelik na innerlike kalmte.
- Die meeste van ’n mens se probleme ontspring uit sy onvermoë om tot stilte te kom.
- ’n Tekort aan stilte lei tot verhoogde stresvlakke.
- Stilte lei tot bevryding van jou menswees.
- Stilte bring jou terug na die waardering van veral die natuur.
- Stilte bring jou nader aan die misterie en diepste aanraking van die Godheid.

Mag ons as individue en ook as gemeente in vele oomblikke van stilte intens bewus word van God se teenwoordigheid! Mag stilte ons die geleentheid bied om met dankbaarheid sy teenwoordigheid in ons lewens aan te voel en mag ons sy liefde en genade tasbaar ervaar! Mag ons leuse vir 2025 ook in ons persoonlike stiltetyd ’n realiteit word: **“Hy moet meer word en ek minder!”**

Sterkte! Bly positief en bly biddend!

’n Lidmaat

AANDAG ALLE DIGTERS!

Alle digters in ons gemeente word vriendelik uitgenooi om u eie gedig (Afrikaans met 'n Christelike tema) in te stuur na ons kerkkantoor (NGKerkWitfield@GMail.com) vir moontlike plasing in die Handdruk. Ons het soveel talentvolle digters in ons gemeente en ons sal graag u talent met die gemeente wil deel op 'n maandelikse basis! U kontakbesonderhede moet asseblief ook by u gedig aangeheg word.

“STAAN VAS! EK SAL VIR JOU VEG”

Ek skryf hierdie getuienis as ’n produk van ’n belofte wat ek aan my Skepper, Verlosser en Redder gemaak het in een van my grootste ure van nood.
Vir baie van my vriende en kennisse sal dit dalk as ’n verrassing kom, maar van die begin van hierdie reis was dit asof dit op my hart gedruk was dat ek dit nie op sosiale media moet deel en vertel voordat die Here die oorwinning gegee het nie.
Maar kom ons begin by die begin.
Einde Junie 2022 gaan ek vir ’n ondersoek by my dokter – sommer vir alles en nog wat omdat ’n ou oor 50 is en ek agtergekom het dat ek ’n paar keer per nag moes opstaan om badkamer toe te gaan.
Alles lyk goed, hy trek bloed en sê dat hy my sal skakel as iets vreemds opduik. Twee dae gaan verby en ek dink dat alles reg is. Op die derde oggend lui my foon en dit is dr. Danie. My PSA-telling lyk nie vir hom reg nie.
Ons moet verdere aksie neem, want dit kan moontlik probleme met my prostaat wees. In my kop draai ’n duisend gedagtes maar, optimisties soos ek meestal is, dink ek nie dadelik aan die ergste nie.
Die volgende oggend skakel ek ’n dokter, wat ’n vriend van my is en al deur diep waters saam ons gesin gestap het. Hy neem my die volgende dag op in die hospitaal vir ’n reeks toetse. Daardie laatmiddag begin ’n reis wat nou nog voortduur. Ek skakel my twee seuns in Potchefstroom en my naaste familie en lig hulle in dat ek vir ’n paar toetse gaan en dat hulle nie bekommerd moet wees nie.
Die nuus volg: Die prostaat is vergroot en ’n paar dinge maak hulle benoud. Hulle sal ’n biopsie moet doen om te kyk wat presies aangaan. Die biopsie word die volgende dag gedoen en ons wag vir die resultate. Die wag is erg. In my is ’n stemmetjie wat sê: “Boet, hierdie is ernstig!”
Die volgende middag laat verander my wêreld totaal. My doktersvriend, Wimpie stap my kamer binne saam met ’n vrouekollega en ek kan aan sy kyk sien dat dinge rof gaan raak. Hy het weer eens die slegte taak om vir my slegte nuus te gee: “Die toetse se resultate is terug - daar is kanker in jou prostaat”. Die woorde skop my wind uit, suig die suurstof uit die kamer! Ek

kan skaars asemhaal. Ek dink aan duisend dinge gelyk… Hoe nou, my kids, my familie? Hoe veg ek dié ding? Wimpie stel my voor aan my onkoloog. Sy verduidelik so goed as wat sy kan die moontlikhede vorentoe. Ek hoor nie die helfte van wat sy sê nie. Dit blyk aggresiewe kanker op buitekant van prostaat te wees. “Ons sal vinnig moet handel en besluite maak.” Hulle sê dat hulle my kans sal gee om daaroor te dink en die volgende oggend terug sal wees.

Ek het nog nooit so alleen gevoel soos daardie middag nadat hulle uit die hospitaalkamer weg is nie. Met duisende gedagtes wat rol in my kop kontak ek my broer. Ek gee hom die nuus. Ek is erg omgekrap en vra hom om nie my seuns te vertel nie - ek wil dit self vir hulle sê. Ek kontak my pa en my skoonma en gee hulle ook die nuus.

Daardie aand word ek besoek deur my broer, familie en twee baie goeie vriende, Nico en Ansomé. Ek is dankbaar vir die geselsies en goeie wense, want ek besef ek is binnekort weer alleen. Ná besoektyd skop die ‘fixer’, die ‘problem solver’ in my in, want ek moet mos iets kán doen. Maar daarvoor moet ek alles weet, ek moet my vyand ken. Toe besef ek, ek is regtig bang! Bang, soos ek nog nooit van tevore was nie. Wat gaan ek doen, my ‘kids’, my werk, my vriende, my familie, hoe vinnig gaan ek doodgaan?

Toe maak die eie-ek in my nog ’n groot fout! Ek sê vir myself: “Ek is mos ’n positiewe ou, ek is al deur diep waters, kom ons kyk wat moet gedoen word. Opgee is nie ’n opsie nie – dit het ek gereeld vir my kinders in die swaar tye gesê. Wat is my kans om die ding te wen?” Ek vra toe vir Google. Met die informasie wat die onkoloog vir my gegee het, begin my soektog. Op die skerm, in swart letters en syfers, word die feite beskryf: Ek het slegs ’n 25%-kans om te oorleef! Ek was vrek bang ... sonder om doekies om te draai. Vir hierdie ding gaan ék nie ’n plan kan maak nie. Ek leer my les dat ek nooit sulke dinge moet Google nie. Ek het vir ’n lang ruk net gesit en gestaar na die muur. Die susters het rondtes gedoen en ons het net voor slaaptyd tee gekry.

Ek bid my gunsteling Bybelgedeelte wat my deur die skool, die weermag, my studies asook my vrou se dood gedra het: “Ek slaan my oë op na die berge, waar sal my hulp vandaan kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.” Dit was ligte uit, slaaptyd maar die onrustigheid – seker maar vrees – wou my

nie los nie. Ek het regop gesit, my selfoon gevat en gedink ek sal sommer ’n speletjie speel of Facebook oopmaak om die tyd verby te kry. Toe ek my Facebook-blad oopmaak is daar ’n plasing waarmee God my onverwags en op ongelooflikste manier antwoord: “Eksodus 14:13–14: Maar Moses het die volk geantwoord: ‘Moenie bang wees nie. Staan vas, kyk hoe die Here julle vandag gaan red, want soos julle die Egiptenaars nou daar sien, sal julle hulle nooit weer sien nie. Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg.’” Ek het die gedeelte weer en weer gelees en dáár het my hele uitkyk op die toekoms verander. Ek het dit my mantra gemaak: “Staan vas, die Here veg vir jou.” Ek het besef dat niks wat ek of iemand kan doen uitkoms sal gee nie. Dit was nie in ons hande nie, maar in God se hande.

Die volgende dag gesels die dokters oor die voorgestelde behandeling wat so gou as moontlik moet begin. Die nodige reëlings word getref om ’n week later vir my ’n chemo-poort in te sit. Ek word ontslaan en ry die Saterdag Potchefstroom toe om my seuns te gaan inlig. Dit was glad nie maklik nie, gegewe ons geskiedenis van my vrou se afsterwe 10 jaar van te vore. Ek kon hulle vrees sien, maar ek vertel hulle van my boodskap wat ek van die Here ontvang het en dat ek so ver moontlik gaan vasstaan omdat God vir my sal veg.

Teen begin Augustus was alles met die medies uitgeklaar en het die dokters met 10 maande se chemoterapie begin. Aanvanklik het dit goed gegaan en het ek gedink dit is nie so erg nie. Ek was gelukkig want en het nie naar geword nie. Dit was vir my wonderlik, want die mense wat my ken, sal weet dat ek ’n swak konstitusie het as dit by naarheid kom. Weer eens het ek gedink aan die Woord wat sê jy sal nie beproef word bo jou vermoëns nie.

Ek het selfs aanhou werk, maar na 3 maande se behandeling het ek die houe begin voel. Toe my hare vir die eerste keer begin uitval het, was ek geskok en weer bietjie bang, al het hulle gewaarsku dat dit sal gebeur. Ek het vasgehou aan: “Staan vas, Ek veg vir jou.” Toe ek by die haarkapper uitstap nadat al my hare afgesny is, het ek - snaaks genoeg - nuwe ywer en positiwiteit gevoel.

Ek gaan nie jok nie, daar was baie slegte dae veral die derde dag ná my chemo-behandelings. Daar was dae wat ek vir die Here gesê het dat my saak met Hom reg is en dat Hy my maar kan kom haal. Maar dan het ek van mense, wat op die God gegewe tyd

kontak gemaak het, ’n oproep of kuier ontvang, of andersins ’n boodskap of ’n gebed. Met my baie goeie vriend, Izak se verjaardag skakel ek hom. Toe ek hom vertel, is van sy eerste woorde: “Ons dien die God van wonderwerke. Hy gaan jou gesond maak.” Ek en my broer, Danie is baie na aan mekaar. Hy was in hierdie tyd daar vir my ten spyte van sy eie toetse en beproewings. Dan besef jy hoekom die Here vir jou so ’n broer gegee het. Daar was dae wat ek met ons hond gepraat het en ek glo hy het verstaan want in die goedheid van die Here het hy my dag en nag opgepas.

Gedurende die hele tyd van my behandeling het ek met verwondering gesien hoe my kankertellings elke keer laer is na ’n behandeling. Ek het bly bid dat die Here my staande hou en dat Hy vir sal veg, en Hy het! Ek het gebid vir nog tyd saam met my seuns, familie en vriende ... en Hy het dit gegee. Ek bid nog steeds dat Hy my sal laat vasstaan en dat ek gesond sal word, want net Hy kan.

Ek kon laasjaar in die winter springbokke gaan jag saam met my seuns, my broer en sy seun. Ek kon sien hoe my seun sy graad verwerf en ek kon hulle sien rugby speel vir die Puk en die koshuis (al was ek vrek siek). Ek kon verjaarsdae en troues van vriende en familie bywoon. Ek kon beleef hoe my oudste seun verloof raak in Desember. My jongste seun vang graad in Maart en dit sal nog ’n wonderlike seën wees om dit te beleef.

Dit is amper 3 jaar en ek is steeds op medikasie en behandeling. Nie lank nadat die chemo klaargemaak het, het my hare begin terug groei. Tydens my onlangse maandelikse ondersoek was my tellings die laagste nog vandat ons die pad begin stap het. Party mense wat ek raakloop antwoord: “Sjoe, jy het kanker oorwin.” ’n Mens lees op sosiale media dat so en so persoon kanker oorwin het. Ek verskil daarvan: Ek het met genade oorleef. God is goed en vol genade. Hy het oorwin. Die drang om God se genade in my lewe te verwoord, het my tot hier gebring. Dankie Here!

Staan vas, kyk hoe die Here julle vandag gaan red, want soos julle die Egiptenaars nou daar sien, sal julle hulle nooit weer sien nie. Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg.

Chris Barnard

MY BEGRAFNIS

Ek voel sò daaroor:

My familie kan die besigtiging uitlos...jy weet tog hoe ek lyk en jy't genoeg tyd in my lewe gehad om vir my te kom kuier en in my gesig te kyk...

Dra?
Niemand hoef my dooie liggaam te dra nie...laat die ondernemer my liggaam neem waar dit moet heen.
As jy in my lewenstyd vir my 'n woord gehad het in my benoude oomblik...
Iets aangebied het om te eet of te drink...
My ondersteun het in my roeping...
My 'n saamry geleentheid aan gebied het...
Menslikheid teenoor my openbaar het...
Dan, ja dan het jy my alreeds gedra..... en daarvoor is ek dankbaar!

Moenie die kerk opmaak met fyn linne, kant en fotos nie...
Versier my lewe met jou teenwoordigheid, liefde en daarwees!

Moenie vir my blomme bring wanneer ek dit nie kan sien nie...
Gee nou vir my die kompliment!

Moenie dán vra wat julle kan doen om te help met betrekking tot die begrafnis nie.....vra noú hoe en waar julle kan help...

Moenie vragte kos uitdeel aan begrafnis gangers nie.....dis onnodig en as jy my geken het, het jy mos alreeds per geleentheid of twee saam met my geëet!

O ja...en moenie laat my liggaam te lank lê en wag.....alles wat almal by die gedenkdiens wil sê.....hulle weet waar om my nou te kry terwyl ek leef...
Kom sê dit vir my, sodat ek ook weet!

(geleen en gewysig)

Skrywer Onbekend